Psalm 95:6

Kom, laat ons aanbid en neerbuk; laat ons kniel voor die HERE wat ons gemaak het. (Psalm 95:6 AFR1953)

Sing vooraf: Psalm 68:8 (p. 333)

8 Gods eng'lemagte bo die swerk / het, tien en tien maal duisend sterk, / slagvaardig uitgeswewe;
by hulle is sy majesteit / 'n Sinaï in heiligheid, / deur bliksemlig omgewe.
U het omhoog gevaar vol eer; / die kerker was u buit, o HEER, / en gawes u beloning
wat neerdaal op die mensekind; / selfs wie opstandig is, dié vind / by U, o HEER, 'n woning.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 97:7 (p. 485)

7 Gods vriend'like aangesig / straal vrolikheid en lig / deur duisternis en smarte / vir alle opregte harte.
Regverdiges, wees bly! / En sing 'n lied daarby!
Verheug u in die HEER! / Lofsing sy Naam tot eer, / Hy's hoog en heilig, Hy!

Geloofsbelydenis: Nicea

Na die wet sing ons Psalm 34:6 (p. 167).

Wet

Psalm 34:6 (p. 167)

6 Kom kinders, hoor na my! / Die HEER se vrees wil ek jul leer.
Wie is 't wat lewensduur begeer / en dae wat hom verbly?
Laat tong en lippe vra / na waarheid, en ontwyk die kwaad;
soek wat God wil: die regte daad, / en jaag die vrede na.

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***

Vergifnis:

- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 73:7 (p. 368)

7 Maar nóú, hoe anders is dit my! / Gods heiligdomme ingelei,
straal my 'n ander ligglans teë; / ek sien hul end . . . dis gladde weë
waarop die HEER die voet laat gaan / van boosaards wat Hom trots weerstaan.
Hul wankel al om neer te stort – / 'n bouwerk wat 'n puinhoop word.

Skriflesing: Filippense 3

Teks: Filippense 3:15,16

Laat ons almal dan wat volmaak is, so gesind wees; en as julle anders gesind is, sal God dit ook aan julle openbaar. Maar wat ons reeds bereik het—laat ons volgens dieselfde reël wandel, laat ons eensgesind wees. (Filippense 3:15-16 AFR1953)

Ons gaan in die verklaring van Filippense 3 in hierdie preek aan twee sake aandag gee:

1. Ons moet ons aandag vestig op die einddoel waarheen ons op pad is.

2. Ons moet die waarheid op die regte manier verstaan!

1. Ons moet ons aandag vestig op die einddoel waarheen ons op pad is.

Die apostel Paulus verseker die gemeente van Filippi dat hy nog nie by die volmaakte is nie, maar dit beteken nie dat hy daarvan vergeet het of dat dit op enige oomblik buite sy gesigsveld geraak het nie!

- Hy vergeet inderdaad sekere dinge – die dinge wat agter hom is!
- Maar terselfdertyd strek hy hom uit na wat voor is.
- Hy het ’n doel voor oë – en hy jaag agter daardie doel aan soos wat ’n soldaat sy vyand jaag as hy hom agtervolg!
- Hy jaag die hoë roeping van God wat daar is in die Here Jesus Christus.

Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus. (Filippense 3:14 AFR1953)

Kyk, daar is drie belangrike dinge wat ons moet kan doen om hierdie dinge reg te kry:

Die eerste is dat ons geloofsomme moet kan maak.

. . . ek reken nie dat ek dit self gegryp het nie . . . (Filippense 3:13 AFR1953)

- Die woord **reken** beteken letterlik *om met getalle te werk en iets te bereken.*
- Die manier waarop die Heilige Gees dit vir ons neerskryf, beteken dat die gelowige wat by hierdie einddoel wil uitkom, ernstige selfondersoek moet kan doen.
- Hy moet kan somme maak oor sy lewe: Hy moet kan uitwerk waar sy lewe staan met betrekking tot die feit dat God hom geroep het.

Hierdie daad van selfondersoek is werklik baie ernstig.

- Ons moet onsself kan ondersoek in die lig van God se Woord.
- Dis nie so ’n maklike ding nie, want ons dink (en sê!) ons het tog nie so baie sondes nie – maar kyk net wat doen dié een of dáárdie een.
- Die ding waaroor dit gaan, is nie om ander mense te ondersoek en te beoordeel nie. Ons moet onsself in die geloof kan ondersoek.

Vir baie mense is hierdie soort selfondersoek wat Paulus hier doen en aanbeveel, ’n teken van persoonlike mislukking.

- Die ware feit is dat die teenoorgestelde waar is.
- Om te kan besef dat ons nie is waar ons behoort te wees nie, is ’n teken van die genade wat ons in die Here Jesus Christus het.
- Dis juis ’n teken dat ons die volmaakte Godsbeeld soek en nastreef dat ons soos Paulus kan sê: Ek is nog nie daar nie, maar ek jaag agter die volle saligheid aan totdat ek dit hopelik kan inhaal.

Die teenstrydigheid in die saak is dat ons al hoe meer van ons sondes en onwaardigheid bewus sal word al hoe nader ons aan God self kom!

Die tweede ding is dat ons moet kan vergeet!

. . . Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is . . . (Filippense 3:14 AFR1953)

Hierdie vergeet is ’n berekende en doelbewuste besluit wat jy moet neem!

- Dis ook ’n besluit wat jy aanhoudend sal moet neem, want die sonde sal bly neig om terug te kom!

- Letterlik en beklemtoond staan daar **Maar een ding!** Die hele lewe vorentoe draai om hierdie een ding.
- Daar is hierdie een ding in die lewe wat jou gaan kortwiek as jy dit nie doen nie! Jy sal moet vergeet.

Wat is dit wat Paulus vergeet? (Hy wil dit vergeet, maar hy onthou dit tog nog – daarom noem hy dit vir hulle op!)

- Al sy persoonlike pogings wat hy voor sy bekering aangewend het om salig te word.
- Sy selfregverdigheid – al die dinge wat hy as drek prysgegee het.
- **Vergeet** beteken dat hy sekere dinge net onthou as verkeerde dinge wat nie weer in sy lewe mag voorkom nie.
- *Al sy belangrikheid en verwaandheid was nie dinge wat enigsins bygedra het tot sy heiligwording in die Here Jesus Christus nie – daarom vergeet hy daarvan.*

Hy gooi inderdaad sy eie binnekant oop as hy skryf dat hy sy eie regverdigheid as nikswerd moes agterlaat.

- Dit het vir hom geen voordeel gebring nie.
- Inteendeel, dit het hom van die Here vervreem.
- Daarom het hy tot die besef gekom dat dit drek is.

Die derde ding is dat ons ons vorentoe moet uitstrek!

. . . en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry . . . (Filippense 3:14 AFR1953)

Hierdie woord wat gebruik word, word gebruik as ’n oorlogsterm, maar ook as ’n atletiekterm in die outydse Olimpiese Spele (*diokoo*).

- Militêr bedoel dit: Iemand het ’n vyand voor hom wat besig is om te vlug – en hy as soldaat jaag hierdie vyand en hy agtervolg hom tot hy hom inhaal en doodmaak!
- In die ou Olimpiese Spele het hulle nie strepe gehad waarbinne die mense gehardloop het nie.
    - Daar was ’n paal wat by die wenpunt ingeplant gestaan het (wenpaal).
    - Elke atleet het net na daardie paal toe gekyk en so hard hy kon gejaag om eerste by daardie paal uit te kom!

Letterlik beteken dit dat Paulus sy hele lewe lank net na die eindpunt (wenpunt kyk en dat hy sy hele lewe voluit daarheen jaag.

- Dit beteken dat daar nie tyd of ruimte is dat jy in jou geloofslewe eers of iewers afdraaipaadjies kan vat nie.
- Jy moet mik vir die eindpunt en dit gryp.

Wat is die prys? Paulus sê dit nie duidelik en omlynd nie. Hy sê net **. . . om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus.**

- Waarskynlik bedoel hy daarmee die ewige lewe.
- Dit is ook moontlik dat dit sy verheerliking kan wees wanneer hy sterf.
- Daar is ook teoloë wat die gedagte het dat die apostel Paulus bedoel dat hy die kroon van regverdigheid wil ontvang.

As mens mooi oor die dinge dink, sal ons besef dat al drie eintlik dieselfde ding is!

Die prys is dus om dit na te jaag en in besit te kry wat die Here Jesus vir ons verwerf het. Dis waarom hy vir die Filippense skryf:

Maar wat ons reeds bereik het—laat ons volgens dieselfde reël wandel, laat ons eensgesind wees. (Filippense 3:15-16 AFR1953)

En weer:

Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus, wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam volgens die werking waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp. (Filippense 3:20-21 AFR1953)

Maar ons is nog nie daar nie. Daar is nog 'n stukkie harde pad tussenin. Die Here beskryf dit so:

. . . sodat ek Hom kan ken en die krag van sy opstanding en die gemeenskap aan sy lyde terwyl ek aan sy dood gelykvormig word, (Filippense 3:10 AFR1953)

In ons strewe is daar ook die wil ingebou dat ons lyding wat oor ons kom, sal hanteer soos die Here Jesus Christus dit gedoen het!

- Selfs al moet ons sterf soos Hy!
- So ernstig is Paulus met die saak van heiligwording in hierdie lewe.

Let wel: Die navolging van die Here Jesus Christus is nie 'n droom-droom lewe nie!

Kom u agter dat daar twee belangrike dinge is aangaande ons roeping:

- Die een is die *aard* daarvan en
- die ander een is die *rigting waarheen* dit gaan.

Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus. (Filippense 3:14 AFR1953)

- Die aard van hierdie roeping – **die hoë *roeping van God* in Christus Jesus.**

NB: **. . . roeping van God!**

  - Dit is ***God wat roep***. Die roeping is dus heilig omdat dit van God af kom.
    - Die woord vir **roep** beteken ook ***verkies*** of ***bymekaarmaak***.
    - Dis nie 'n uitnodiging wat jy maar kan aanvaar of ignoreer nie.
    - Dit beteken dat God dit sy saak gemaak het dat jy verlos word – daarom roep Hy jou naam uit en leer Hy jou om Hom te ken.
    - Ons redding is dus in ons roeping deur God self verseker in die Here Jesus Christus se verdienste.

- Die rigting waarheen dit gaan – **die *hoë roeping* van God in Christus Jesus.**

NB: **. . . die hoë roeping!**

  - Die tweede een is letterlik: *die roeping van God om na boontoe op te kom!*
  - God bewerk die wil in ons om na Hom toe te gaan. Paulus skryf dit vir die Filippense in hoofstuk 2:13:

. . . want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae. (Filippense 2:13 AFR1953)

2. Ons moet die waarheid op die regte manier verstaan!

Ons moet hierdie gesindheid in ons hê om ons geloof te wil verbeter en om te wil om mooier te lewe.

- Iemand wat dit nie wil doen nie, sal dit agterkom – die Here sal aan hom openbaar dat hy verkeerd is!

- Paulus wil nie vir hulle reguit sê dat die Here hulle sal straf nie – maar soos hy dit stel, weet hulle baie goed dat hulle deur die Here se straf gaan agterkom dat hulle nie besig is met die regte dinge nie!

Laat ons almal dan wat volmaak is, so gesind wees; en as julle anders gesind is, sal God dit ook aan julle openbaar. Maar wat ons reeds bereik het—laat ons volgens dieselfde reël wandel, laat ons eensgesind wees.
(Filippense 3:15-16 AFR1953)

Wat is die beginsel wat Paulus hier stel?

- Die beginsel is *die waarheid*!
    - Dit wat jy glo moet die waarheid wees.
    - En dit wat jy dan gaan doen, moet ook die waarheid wees!

Ons siening van wat ’n ware Christelike lewe is, moet suiwer volgens God se Woord wees.

- Daar is nie meer as een waarheid nie – daar is net een.
- Daarom stel die Here dit duidelik:

. . . laat ons volgens dieselfde reël wandel . . .

Uitverkorenes sal die wil van God duidelik ken.

- God self sorg daarvoor.
- Daarom kan ons in die *enerse reël* van die waarheid bly en lewe. Luister hoe staan dit in die brief aan die Tessalonisense geskryf:

Maar ons moet God altyd oor julle dank, broeders wat deur die Here bemin word, dat God julle van die begin af verkies het tot saligheid in heiligmaking van die Gees en geloof in die waarheid, waartoe Hy julle geroep het deur ons evangelie om die heerlikheid van onse Here Jesus Christus te verkry. (2 Tessalonisense 2:13-14 AFR1953)

Die Here kies enige iemand om een van sy kinders te wees.

- Hy kies armes en rykes, mense met mag en mense wat totaal magteloos is.
- Maak nie saak wie of wat hulle is nie, hulle moet antwoord op die Here se roeping:

Want let op julle roeping, broeders: julle is nie baie wyse na die vlees nie, nie baie magtiges, nie baie edeles nie;” (1 Korintiërs 1:26 AFR1953)

Hoe weet ek ek is nog besig om op die regte pad te hardloop? Die antwoord is in vers 15: **sal God dit ook aan julle openbaar . . .**

- Heiligwording gebeur dus onder die leiding van God.
- Hy leer die waarheid – of ander gestel: Hy wys ons wat die waarheid is!
- Die Here lei ons dus in die volle waarheid.

Nou kom die groot ding – ons verantwoordelikheid wat ons moet nakom! Die Griekse woord ***stoicheo*** beteken dat jy moet loop (lewe) volgens ’n bepaalde reël wat vooraf vasgelê is.

God het klaar al die reëls vir geloof en ’n heilige lewe neergelê. Ons moet dit net volg en nakom.

- Wie dus volgens die werklike waarheid lewe – hy maak vordering in die regte rigting.
- Dié wat dit nie doen nie, vorder ook nie na die regte kant toe nie.

Die Here laat ons nie in die donker en daar moet ons maar raaiwerk doen wat reg en wat verkeerd is nie. Hy sê Hy sal die dinge wat ons nodig het gee as ons daarvoor bid.

Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. (Matteus 7:7 AFR1953)

Maar daar is ook iets dreigends in as ons nie al ons energie insit om by ware aanbidding uit te kom nie, want die Here sê ook dat Hy dit wat ons het, en nie (wil) gebruik nie, sal wegvat.

. . . want ek sê vir julle: Aan elkeen wat het, sal gegee word, maar van hom wat nie het nie, sal weggeneem word ook wat hy het. (Lukas 19:26 AFR1953)

Dit is dus inderdaad so dat daar groei is as ons ons oefen om in die Here te groei.

- Ons kennis kry ons uit God se Woord.
- Daarom moet ons oefening ook lê in die oefening en skoling in kennis van God se Woord.

Wanneer ons al hierdie dinge in ons eie lewens toepas, moet ons onsself afvra hoe ernstig ons werklik met ons geloof – en dus ook met ons heiligwording – is.

- Is ons voltyds in diens van die Here, of het ons baie ander sake wat die plek van aanbidding oorgeneem het?
- Dinge soos byvoorbeeld ons werksprogram, of wat ook al – sodat God eintlik op 'n syspoor uitgerangeer is.

Inderdaad staan hier in Filippense 3 niks vreemds van die geloofslewe vir ons geskryf nie.

- Ons sien hier maar die alledaagse lewe van enige ware gelowige.
- So is elkeen van ons maar elke dag in die geloof aan die werk en aan die stry om by die einddoel uit te kom.
- Uiteindelik kom ons op die punt aan waar die Here Jesus ons regverdig verklaar in die eindoordeel.
- Dan maak Hy ons volmaak heilig en vestig ons vir ewig in sy koninkryk.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 18-7:1, 3, 12 (45:1, 3, 12)

1 Hy het my die stad getoon, / groot en van die hemel dalend, / en, deur God se ligglans skoon,
soos 'n kleurgesteente stralend, / helder soos 'n kristallyn / wat in al sy klaarheid skyn.

3 Lokkend staan die poorte oop, / oop na al die wêreldoorde, / dat die nasies toe kan loop:
van die suide en van die noorde / en vandaar waar son en maan / nie meer op- en ondergaan.

12 Daar sal in die heiligdom / niemand wat die kwaad bedrywe, / ooit of immer binnekom.
Hul van wie die naam geskrywe / in die Lewensboek sal staan, / hulle sal daar binnegaan.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 23 Augustus 2009